

## **Tuisskool in meer as een taal**

deur Hendrine Krieg © Desember 2013

Meeste mense praat en gebruik net een taal by die huis. Sommige families egter, gebruik meer as een taal. Dit mag wees omdat die ouers verskillende tale praat of die gesin gebruik 'n ander taal as die samelewing waarin hulle leef. As die besluit om te tuisonderrig 'n groot besluit was, is die besluit in watter taal om te tuisonderrig net so groot besluit! In Suid-Afrika is die besluit om in meer as een taal te tuisskool nie so uitsonderlik nie, aangesien ons lewe in 'n multitaal gemeenskap.

Soos met meeste dinge, sal die rede waarom mens besluit om iets te doen, bepaal hoe dit gedoen word. Dit is juis waar vir tuisskool in meer as een taal. As jy slegs wil hê jou kind moet vaardig wees in verskillende tale sal dit heelwat makliker wees om te bereik as wanneer jy wil hê jou kind moet alle studiemateriaal voltooi wat deur twee verskillende lande vereis word.

Taal leer en leer in 'n taal kan nie onderskei word nie. Om te kan leer in 'n taal is dit nodig om vaardig te wees met die taal. Lees is 'n groot wapen in die aanleer van 'n taal. Lees vir jou kinders voor in al die tale wat jy wil hê hulle moet bemeester. Dit kan van 'n jong ouderdom gedoen word, want babas onderskei maklik tussen tale.

Vir babas sal ek aanbeveel dat elke ouer in sy/haar eie taal voorlees en gesels, want babas assosieer 'n persoon met 'n taal. Hulle leer om te verstaan en te praat in die ma en die pa se tale. Voorskoolse kinders is bewus van die feit dat een persoon meer as een taal kan praat sodat hulle nie verward raak as een persoon meer as een taal praat nie. Moenie tale meng nie. Lees eerder bv. Afrikaanse stories een dan en Engelse stories die ander dag. Jy kan ook 'taal speel dae' hê waar net die tweede (of derde) taal gepraat word. Dit help kinders om hulleself te leer uitdruk in verskillende tale in verskeie situasies. Vriende wat ander tale praat help ook baie! Wat ook help met taalontwikkeling is om fliks te kyk in daardie taal. Dit help met uitspraak en begrip, en die regte gebruik van idioome en uitdrukkings. Kies wys ...

Om te leer lees en skryf is ideaal om te doen in mens se moedertaal. Baie min mense is so tweetalig dat dit nie sal saak maak nie. Meeste mense het ook net een taal waarin ons dink, voel en droom. Wanneer 'n beginner lesertjie leer lees het in 'n eerste taal, is die byvoeging van nog 'n taal gewoonlik nie 'n groot probleem nie, want dieselfde vaardigheid van lees word net toegepas op 'n ander stel woorde (wat die kind gewoonlik dan al ken). Dieselfde geld vir skryf. My eie graad een kind wou 'n Engelse boek lees (haar derde taal). Ek het haar toegelaat met dit voorwaarde dat sy dit self moes lees. Haar opinie was: "As ek in Duits kan lees, dan kan ek net sowel in Engels lees!"

Kinders wat baie lees ondervind gewoonlik minder probleme met spelling in die taal waarin hulle lees. Meertalige kinders het dus ook nodig om in verskillende tale te lees. Verskaf dus genoeg boeke!

Om skool vakke of temas te bemeester is 'n baie groot uitdaging as mens alles wil doen in albei die tale. Doen eerder 'n taak (of 'n hele vakgebied) in een taal, en bespreek slegs wat geleer is in die ander taal. Dit kan dan ook informeel gedoen word ("vertel vir pa wat jy in Biologie geleer het vandag") of meer formeel deur die woordeskat te oefen deur dit uit te skryf.

Met die aanleer van wiskunde, speel die 'dink' taal wel 'n belangrike rol. Sommige eksperst bevee aan dat wiskunde in mens se moedertaal aangeleer word, want mens het nodig om 'n interne 'berekennings taal' te ontwikkel. Doen gou 'n som in jou kop – jy sal ondervind dat mens wel taal nodig het, en dit is veel makliker in jou 'eie' taal. Wanneer wiskunde bemeester is, word dieselfde proses ook vir ander vakgebiede toegepas.

'n Paar dinge om te onthou :

- 1) Sommige kinders is meer gemaklik met taalgebruik as ander. Neem dit in ag met elke kind. Moenie die onmoontlike verwag nie, maar moet ook nie te min verwag nie.
- 2) Veeltalige kinders meng nie tale nie. Hulle “leen” soms woorde as hulle nie spesifieke woorde kan onthou nie. Dit is veral die geval met tweede en derde tale omdat die woordeskat van hierdie tale in die brein gestoor is onder “ander tale”.
- 3) Taal open deure. Gebruik dit om meer wêrelde te ontdek.